# HILLCREST HIGH SCHOOL

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

## VRAESTEL 1

## PROEFEKSAMEN 2013

## GRAAD 12

**PUNTE: 80**
**TYD : 2 Uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye

## INSTRUKSIES:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taal | (40) |

1. Lees al die instruksies aandagtig deur.

2. Beantwoord al die vrae.

3. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die numeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Skenk spesiale aandag aan spelling en sinskonstruksie.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

**Lees die volgende artikel deur en beantwoord al die vrae wat daarop volg.**

### WAAR 'N ROKIE IS...

1. Die waterpyp nie gevaarlik nie? Dit kan erger wees as sigarette, sê kenners.

2. "Maar Ma, dis heeltemal natuurlik!", protesteer haar tienerseuns. Kyk net na al die geure – daar's appel, framboos en sjokolade. Dis duidelik skadeloos en al my vriende se ouers laat hulle dit toe. Kan ek ook asseblief 'n *hubbly-bubbly* kry? Weet Ma, almal oorsee rook dit omdat dit soveel gesonder as sigarette is." So onthou 'n ma van Kaapstad 'n gesprek met haar tienerseuns 'n paar jaar gelede.

3. Al berou sy dit nou, het sy vir hulle 'n waterpyp gaan koop. En ondanks toenemende bewyse oor die gevare daarvan, vind soortgelyke gesprekke oral in Suid-Afrika steeds tussen kinders en hulle ouers in huise oral in Suid-Afrika en die res van die wêreld plaas. Dis steeds 'n algemene gesig om tieners op partytjies en studente op kampusse in groepies te sien waterpyp rook.

4. Trouens, net twee jaar gelede het die Mediese Navorsingsraad 'n waarskuwing uitgereik nadat hulle verskeie navrae gekry het van ouers wat dit as Kersgeskenke vir hul kinders wou koop. Te veel mense beskou die algemeen beskikbare, goedkoop waterpyp steeds as 'n skadelose sosiale tydverdryf.

5. Dis ook geen wonder nie – 'n gewilde kleinhandelaar vertoon steeds sy slagspreuk:"Deel dit enige tyd en op enige plek met vriende en familie."

6. As ouers maar net weet hoe skadelik dit is," sê prof. André van Zyl van die Mond-en-Tandhospitaal by die Universiteit van Pretoria. "Dis nie 'net so' skadelik soos sigarette nie; dit kan gevaarliker wees," sê hy. "Ongelukkig neem die gewildheid van waterpype steeds toe in landelike en stedelike gebiede. Van jong kinders tot tieners en bejaardes rook dit."

7. **MITES OOR WATERPYPE:**
**Onwaar: "Dit tas nie my keel aan nie en voel nie so sterk soos sigaretrook nie; daarom kan dit nie ongesond wees nie."**
Waterpype is veel strelender om te rook as gevolg van die waterfiltreerder en die melasse wat gebruik word. Mense dink dan dat dit nie skadelik is nie, maar hulle kry steeds alles in wat jy in sigarette sal kry – nikotien, teer en hoë vlakke van ander stowwe wat kanker kan veroorsaak.
**Onwaar: "Dis nie verslawend nie."**
'n Waterpyp kan net so verslawend soos sigarette wees. Party mense wat waterpyp rook, toon al die tekens van verslawing, soos dat hulle ontrekkingsimptome ontwikkel as hulle ophou.

**SKRIK-STATISTIEK**

- In 'n tipiese rooksessie trek 'n sigaretroker in 5-7 minute 8-12 teue in en kry 0.5 tot 0.6 L rook in.
- Sowat 100 keer meer skadelike rook word in 'n waterpyp-sessie ingeasem as met die rook van een sigaret.
- Die rook van 'n tipiese waterpypsessie kan sowat 36 keer meer teer en sowat agt keer meer koolstofmonoksied bevat as die rook van een enkele sigaret.

**Bel Quit Line by 011-720-3145 vir nog inligting of gratis hulp om op te hou waterpyp rook.**

VRAE:

1.1 Haal die WOORD in die eerste paragraaf aan wat aandui dat die tienerseuns met hulle ma gestry het. (1)

1.2 Waarna verwys die woorde "appels, framboos en sjokolade" in paragraaf 1? (1)

1.3 Skryf die Afrikaanse woord vir h*ubbly-bubbly* neer. (1)

1.4 Tieners word gewoonlik by skole gekry.
Waar word studente gewoonlik gekry? (1)

1.5 Sê in jou EIE WOORDE waarom die Mediese Navorsingsraad in 2010 ouers oor die gevare van die waterpyp gewaarsku het. (1)

1.6 Noem 2 redes waarom die waterpyp so gewild is? (2)

1.7 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter neer.

1.7.1 'n Mite is gewoonlik

A. die waarheid
B. onwaarhede
C. 'n tipe waterpyp
D. 'n ander naam vir rokers (1)

1.7.2 Kies die korrekte woorde om die volgende idioom te voltooi.

Waar daar 'n rokie is ...

A. is daar vuurmaakhout
B rook iemand skelm
C is daar 'n vuurtjie
D sit tieners en rook die waterpyp. (1)

1.8 Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Motiveer jou antwoord deur uit die artikel aan te haal.

1.8.1 Die ma van Kaapstad was later jammer dat sy die waterpyp vir haar seuns gekoop het. (2)

1.8.2 Net Suid-Afrikaanse ouers is bekommerd oor die gebruik van die waterpyp. (2)

1.8.3 Die rook van die waterpyp vind hoofsaaklik tussen jongmense tussen die ouderdom 14-21 plaas. (2)

1.9 Die statistieke in hierdie artikel behoort mense af te skrik om die waterpyp te rook.
Watter WOORD in die artikel sê dit vir jou? (1)

1.10 Watter organisasie kan jy bel as jy wil ophou om die waterpyp te rook? Skryf net die NAAM van die organisasie neer. (1)
[17]

**VRAAG 2: Soeklees**

**Lees die volgende artikel deur en beantwoord al die vrae wat volg.**

# DIE WEB IS 'N WARE MIERNES!

Google, Facebook, Twitter, YouTube . . . kyk hier hoe fluks Suid-Afrikaners op die internet kuier en wat jou landgenote aanlyn aanvang

Saamgestel deur PETRO-ANNE VLOK

MET die internet het jy die wêreld letterlik aan jou vingerpunte. Jy kan bybly met jou vriende se doen en late op Facebook, bekendes en hul streke volg op Twitter en die jongste wêreldnuus lees.

Jou behoeftes en belangstellings bepaal natuurlik wat jy op die internet doen, maar het jy al gewonder wat die res van die land alles in die kuberruim aanvang? Die digitale bemarkingsagentskap iProspect het gaan kyk wat Suid-Afrikaners verlede jaar die meeste op die web gesoek het.

### DIE FACEBOOK-NASIE

Net 8,7 persent van Suid-Afrikaners is op Facebook, maar meer as 80 persent van Suid-Afrikaanse internetgebruikers is daarop. Johannesburg se 2 miljoen Facebook-gebruikers is die meeste in die land. Kaapstad is tweede met 860 000, gevolg deur Pretoria met 840 000 gebruikers.

**250M** Die gemiddelde getal foto's wat daagliks wêreldwyd op Facebook gelaai word. Dis sowat 7,5 biljoen per maand, 10,4 miljoen per uur en 'n allemintige 174 000 per minuut.

**4 840 360** Die getal Facebook-gebruikers in Suid-Afrika. In die laaste ses maande van verlede jaar was daar altesaam 480 000 nuwelinge.

### HOE OUD IS HULLE?

**33%** is tussen 18 en 24

**22%** is ouer as 44

**31%** is tussen 25 en 34

**14%** is tussen 35 en 44

### FACEBOOK: GESLAG

49% is manlik en 51% vroulik.

20 minute is die gemiddelde tyd wat Suid-Afrikaners daagliks op Facebook kuier.

### TOP-10 ONDERWERPE

1. WhatsApp
2. Wêreldbekerrugbytoernooi
3. Beyonce
4. Osama bin Laden se dood
5. Wêreldbekerkriekettoernooi
6. Die DA
7. Britse koninklike troue
8. Suid-Afrikaanse verkiesing
9. Oorstroming in Queensland
10. Kim Kardashian se troue

### OP SOEK NA GELEENTHEDE

**57%**

Soektogte na werk of opleiding in Suid-Afrika het die afgelope vier jaar jaarliks met soveel toegeneem.

### WAAR GEBRUIK ONS DIE INTERNET?

**53%** Werk

**39%** Tuis

**5%** Universiteit en skool

**3%** Ander

### INTERNET: GESLAG

**58%** **42%**

### RAS VAN GEBRUIKERS

64% wit
24% swart
7% bruin
5% Indiër

### BLOGS

Daar is meer as 600 000 aktiewe blogs in Suid-Afrika.


### TWITTER

1,1 miljoen – soveel Twitter-gebruikers is daar in Suid-Afrika, maar minder as die helfte is aktief.

- 55 500 twiets word elke dag gestuur.
- 5 miljoen twiets is in die laaste drie maande van 2011 deur Suid-Afrikaners gestuur. Dit maak van Suid-Afrika die aktiefste Twitter-gemeenskap op die vasteland. Kenia is tweede met 2,47 miljoen twiets oor dieselfde tydperk.

### INTERNETGEBRUIKERS PER STREEK

49% Gauteng
24% Wes-Kaap
10% KwaZulu-Natal
17% Elders in Suid-Afrika




Google

Google is Suid-Afrikaners se gewildste soekenjin.

2.1 Noem 2 programme wat jy op die Web kan kry. (2)

2.2 Haal 6 OPEENVOLGENDE WOORDE aan wat vir jou sê dat jy enige persoon plaaslik of internasionaal deur die Web kan kontak. (1)

2.3 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Jou landgenote is die

A. note van jou land
B. ander mense in die wêreld
C. boere se grond
D. ander mense in jou land (1)

2.4.1 Watter sportgeleentheid was die meeste bespreek en nagevors? (1)

2.4.2 Watter maatskappy het hierdie navorsing gedoen? Skryf net die naam neer. (1)

2.5 **Kenia is die aktiefste Twitter-land in Afrika.**

2.5.1 Stem jy saam met bogenoemde stelling? Sê JA of NEE. (1)

2.5.2 Haal 'n SIN uit die artikel aan om jou antwoord in 2.5.1 te staaf. (1)

2.6 Google is Suid-Afrikaners se gewildste soekenjin.

2.6.1 Is hierdie 'n feit of 'n mening? (1)

2.6.2 Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
[10]

VRAAG 3

VISUELE GELETTERDHEID

**Bestudeer die volgende advertensie en beantwoord die vrae wat volg.**




3.1 Waarteen, dink jy, waarsku die advertensie die leser? (1)

3.2 Waaruit kan jy aflei dat die bestuurder te veel gedrink het? Gee een rede. (1)

3.3 Wat verteenwoordig die snyer (reaper) in die advertensie? (1)

[3]

TOTAAL VIR AFDELING A: {30}

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 4: OPSOMMING VAN TEKS

### INSTRUKSIES

- Lees eers die volgende artikel versigtig deur.
- Noem SEWE dinge uit die artikel wat jy in gedagte moet hou as jy wil ophou rook.
- Skryf elke hoofgedagte in 'n goeie volsin neer.
- Skryf jou sinne puntsgewys en onder mekaar van 1 tot 7 neer.
- Laat een reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die getal woorde aan die einde van die opsomming aan.
- Jy sal gepenaliseer word as jy meer as 70 woorde skryf of as jy nie die getal woorde aandui nie.

### HOE OM OP TE HOU ROOK!

1. Alle rokers word daagliks gebombardeer met die gevare van die rookgewoonte en raad oor hoe om op te hou. Maar watter raad werk en wat nie? Daar is net een vereiste en dit is 'n definitiewe WIL om op te hou. Net die roker kan hierdie besluit neem

2. As die lus vir daar sigaret tog maar net nie so groot was nie! Wanneer jy lus is vir 'n sigaret, moet jy net vasbyt, want die begeerte daarna hou nie lank nie. Weerstaan dus die lus om te rook.

3. Een van die beste maniere om jou rooklus te beheer, is om te leer hoe om sonder sigarette te ontspan. Nikotien het dit altyd vir jou gedoen. Nou kan jy sonder nikotien ontspan deur saggies en diep asem te haal.

4. Rokers verkies sigarette bo gesonde kos. Jy moet liewer iets eet as om te rook wanneer jy honger is. Kos sal die lus vir rook beheer.

5. Soms verlang jy na die troos van 'n sigaret. As jy so voel, moet jy gaan stap, iemand SMS, of op die internet gesels. Dit sal jou help om nie weer 'n sigaret aan te steek nie.

6. Tydens die eerste drie weke nadat jy opgehou rook het, moet jy liewer van jou rokersvriende wegbly. As almal rondom jou rook, gaan dit baie moeilik wees om nie te rook nie.

7. Wanneer jy besluit het om op te hou rook, moet jy jou vriende en familie vertel sodat hulle jou daagliks kan ondersteun en moed inpraat. Onthou dat jy dit nie alleen gaan regkry nie. Voorspoed!

(Verwerk uit: Die Burger)

**(10)**

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 5:

Lees die volgende Curriculum Vitae deur en volg die instruksies wat volg.

### CURRICULUM VITAE VAN BEATRICE NICHOLSON

PERSOONLIKE BESONDERHEDE

| | |
|---|---|
| VAN: | Nicholson |
| GEBOORTE NAME: | Beatrice |
| GESLAG: | Vroulik |
| GEBOORTEDATUM: | 12 Desember 1997 |
| IDENTITEITSNOMMER: | 19971212 0216 089 |
| RESIDENSIëLE ADRES: | Kerkstraat 9**, Edenvale, 1609 |
| POSADRES: | Dieselfde as die residensiële adres |
| KONTAK NOMMERS: | 083 780 0900 (s) 011 472 8855 (h) |
| E-POS ADRES: | beatni@iburst.co.za |
| HUWELIKSTAAT: | Ongetroud |
| AFHANKLIKES: | Geen |
| HUIDIGE GESONDHEID: | Uitstekend |
| KRIMINELE REKORD: | Geen |
| TALE: | Afrikaans, Engels |
| REKENAARGELETTERDHEID: | MS Word, Excel |
| BELANGSTELLINGS: | Musiek, Hokkie, Lees |

FORMELE OPVOEDING

| | | |
|---|---|---|
| 2012 | NSS by Hoërskool Edenvale, Edenvale | |
| | Afrikaans Huistaal | D |
| | Engels Eerste Addisionele Taal | D |
| | Lewensoriëntering | D |
| | Wiskunde | C |
| | Rekeningkunde | B |
| | Besigheids Ekonomie | B |
| | Inligtingstegnologie | B |

LEIERSKAP

| | |
|---|---|
| 2012 | Klasleier |

5.1 Gee die **korrekte vorm** van die woord tussen die hakies.

Die (voorberei) van jou CV is baie belangrik. (1)

5.2 Gee die korrekte **trappe van vergelyking** van die woord tussen die hakies.

As 'n beginner moet jou CV nie (lank) as 2 bladsye wees nie. (1)

5.3 Gee die **korrekte afkorting** van die woord tussen die hakies.

Sluit die basiese goed in, (byvoorbeeld) jou prestasies. (1)

5.4 Kies die **korrekte voorsetsel**.

Enige werk wat jy (met / oor/ op) vakansies gedoen het, kan genoem word. (1)

5.5 Gee die korrekte **Intensiewe Vorm** van die woord tussen die hakies.

Maak (seker) dat jou CV netjies en skoon is. (1)

5.6 Skryf die volgende sin in die **Verlede Tyd** oor.

Jy moet ook 'n getuigskrif van jou skool kry. (1)

5.7 Verbind die volgende sinne met die **Voegwoord** tussen die hakies.

'n CV is noodsaaklik in die werksmark. Dit kan deure vir jou oopmaak. (omdat) (1)

5.8 **Kies die korrekte woord** tussen die hakies om die gesegde te voltooi.

Hierdie raad aan matrieks is so oud soos die (eeue, wêreld, berge). (1)

**5.9** Begin die volgende sin soos aangedui en skryf dit in die **Ontkennende Vorm** neer.

Het jy al vir 'n werksonderhoud gegaan?
Nee, ... (2)

5.10 Kies die **korrekte Voornaamwoord** tussen die hakies.

Jane het die getuigskrif by (sy / haar/ hare) skool gekry. (1)
[11]

**VRAAG 6:**

Bestudeer die volgende strokiesprent en volg die instruksies.



6.1 Skryf die volgende sin in die **Lydende Vorm** neer.

Die twee mans het die draagbare televisie op die groot klip neergesit. (2)

6.2 Verskaf die **Meervoud** van die woord tussen die hakies.

Die kampers het baie (pad) gery om te kampeer. (1)

6.3 Skryf die volgende sin in die **Toekomende Tyd** oor.

Die mans het baie bier in die ysboksie langs die stoel. (1)

6.4 Skryf die volgende sin oor en maak gebruik van die **Infinitief.**
Begin jou sin soos aangedui.

Die mans moet die vleis op die vuur braai.
Die mans hoef….. (2)

6.5 Gee die **Teenoorgestelde betekenis** van die woord tussen die hakies.

Die twee vroue lyk baie (vriendelik). (1)

6.6 Skryf die volgende sin in die **Indirekte Rede** oor.

Sally vra haar man: "Hoekom help jy nie met die vuur nie?" (2)

6.7 Verbind die volgende sin met die **Voegwoord** tussen die hakies Begin soos aangedui.

Die twee rugby-entoesiaste kan hul oë nie van die skerm afhou nie. Hulle hoop die vroue sal die kos maak. (Aangesien)

Aangesien... (1)

[10]

**VRAAG 7**

**Lees die volgende uittreksel uit 'n tydskrif deur en volg die instruksies.**

Op 29 April 2011 is die knoop deurgehaak deur prins William en Kate. Kate was beeldskoon. Sy het soos 'n ware prinses gelyk. Haar suster was haar strooimeisie. Nadat die troubeloftes afgelê is, het skriflesings en gesange - wat hulle self gekies het- gevolg.

7.1 Skryf die volgende sin in die **Teenwoordige Tyd.**

Prins William en Prinses Catherine het mekaar op die balkon gesoen. (1)

7.2 "Ag nee, a, William! Jy kan seker beter soen."

Die gevoelswoord dui aan dat die spreker...........voel
**(Kies en skryf die woord neer)**

A. teleurgesteld
B. gelukkig
C. kwaad
D. trots (1)

7.3 Skryf die volgende sin oor en vul die korrekte **lees-en skryftekens** in.

prins Charles het in 1981 met lady Diana spencer getrou ongelukkig het die huwelik nie lank gehou nie. (2)

7.4 Skryf die regte vorm van die **Voornaamwoord** neer.

Die koets (met +wat) hulle gery het, was pragtig versier. (1)

7.5 Sê waarom die volgende stelling 'n **stereotipe** is.

Dit is veral vrouens wat na die koninklike troues op televisie kyk. (2)

7.6 Kies **die Idioom** wat dieselfde beteken as die volgende sin.

Die paartjie het getrou.

A. Hulle het 'n knoop gemaak.
B. Hulle het die knoop vasgemaak.
C. Hulle het die knoop deurgehaak.
D. Hulle het hulle knope bymekaar gesit. (1)

7.7 Gee die **Verkleining** van die woord tussen die hakies.

Die (foto) was pragtig. (1)

7.8 Gee die **korrekte Deelwoord** vir die woord tussen hakies.

Kate sal nie 'n (breek) hart hê nie. (1)

7.9 Gee die **manlike vorm** van die woord tussen hakies.

Prins Harry was Prins William se (strooimeisie). (1)

7.10 Skryf die sin oor en rangskik die woorde in **die korrekte woordorde**.

Kate en William (volgende week / trou / in Westminster Abdy / met mekaar) (2)

7.11 Maak 'n sin waarin **weer** 'n ander betekenis het.

William het weer vir Kate gesoen. (1)

7.12 Skryf 'n **vraagsin** neer waarin die onderstreepte woorde die antwoord is.

Kate het vir prins William <u>by die universiteit</u> ontmoet. (1)

[15]

## VRAAG 8: Kritiese Taalbewustheid

**Die vrae wat volg is op die volgende prent gebaseer.**




8.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en letter neer.

Die skoolseun se gesigsuitdrukking sê vir ons dat hy

- A. vrolik is.
- B. sy pa se woorde glo.
- C. dink dat sy pa nie geloofwaardig is nie.
- D. baie teleurgestel in sy pa is. (1)

8.2 Hoe weet ons dat die pa besig is om 'n sigaret te rook? (1)

8.3 Waarom is die pa se woorde ironies? (2)

[4]

TOTAAL VIR AFDELING C: {40}

**GROOT TOTAAL VIR DIE VRAESTEL : 80**